



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

# AFRIKAANS HOME LANGUAGE

## LESSON PLAN EXEMPLARS

GRADE 3  
TERM 4  
2009



Province of the  
EASTERN CAPE  
DEPARTMENT OF EDUCATION  
CURRICULUM SECTION

### **NOTE TO SCHOOL MANAGEMENT TEAMS AND TEACHERS IN THE FOUNDATION PHASE**

The exemplar Literacy Lesson Plans for **Grade 1 teachers** had been developed by the Provincial and District Foundation Phase Curriculum Advisors and Foundation Phase teachers as well. This is intended to support teachers in the Planning, Teaching and Assessment process for Term 4.

The contents include the 3 Learning Programmes (Literacy, Life Skills and Numeracy) in an integrated, flexible and very user friendly manner. The lesson plans provide specific content and context which should guide the teacher in the planning process.

We trust that these support materials will provide the necessary clarity and guidance for teachers to manage the NCS implementation process successfully and confidently.

It is the responsibility of the School Management Team to monitor and support teachers in the use of these resources. The teachers are responsible for using these resources to manage the Planning, Teaching and Assessment process successfully in the classroom. These are **exemplars** that are aligned to National Policies and prescripts and teachers are encouraged to use and adapt these lessons to suit the needs and context of the learners and the school.

If schools need more clarity and guidance on the use of these Resource Materials the District and Provincial Offices can be contacted.

We trust that every school will now be better equipped to improve learner performance in the Foundation Phase.

Yours in Quality Education

-----  
Dr T Reddy

CES: ECD/Foundation Phase: Head Office: Zwelitsha

## INTRODUCTION

The Eastern Cape Department of Education, Curriculum Chief Directorate in collaboration with the District Curriculum Advisors developed this document to support teachers in planning for teaching, learning and assessment for effective implementation of the National Curriculum Statement (NCS) and the Foundations for Learning (FFL) in the Foundation Phase

The Home Languages, Afrikaans, English, IsiXhosa and SeSotho deal with the holistic development of the child, socially, emotionally, personally and physically. Language is of utmost importance in learners lives. It is the means of communication and conversation. No Learning Area (LA) can be taught without the use of language. So it is necessary for learners to master all aspects of language usage. This includes the ability to talk clearly, fluently and to express themselves without ambiguities; to listen with ease and understanding and to express clearly their thoughts **orally** and in **writing**. It also includes the ability to the **Listening, Speaking, Reading and Writing** in order to enrich their own lives and the lives of others.

This document serves to assist teachers to pace teaching, learning and assessment in Afrikaans, English, IsiXhosa and SeSotho Home Languages for Grades 1- 3, starting from Grade R in IsiXhosa and English First Additional Language (FAL) for Grade 3. A Work Schedule for term 3 has been developed. Integration of Assessment Standards has been done for the teachers. Planning accommodates Formal Assessment Tasks (FATs) and Learner Attainment Targets (LAT) as indicated in the Afrikaans, English, IsiXhosa and SeSotho Home Language LAT documents available in all the Foundation Phase schools. Lesson plan exemplars can be adapted and refined so that they meet the needs and the context of the learner. The resources that are indicated are a guide. Teachers are at liberty to use other relevant material. The contact time for Literacy Learning Programme is 1 hour 50 minutes **daily** for **Grade 1**(10mins for FAL), 1hr 50mins for **Grade 2** (20 mins for FAL) 2hours for **Grade 3** (30 mins for FAL). 5 hours 15 minutes **weekly** for the learners and 7 hours weekly for the teachers (1 hr 45 mins for preparations) according to FFL. All the aspects of Literacy have separate time on daily basis, for example **Drop All and Read** for 30 minutes. This time allocation for Literacy must be adhered to.



**GRAAD 3 GELETTERDHEID VIERDE KWARTAA**

**TEMA :ONS LAND SUID-AFRIKA TYDSDUUR : 3 WEKE**

LU'S EN ASS STANDAARDE	AKTIWITEITE	BRONNE
<p><b>LU 1 LUISTER</b></p> <p>AS 1 Luister aandagtig en reageer op 'n uitgebreide stel instruksies gepas vir sy/haar vlak</p> <p>AS 2 Toon gepaste luistergedrag deur respek vir die spreker te toon, beurte te nee mom te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en dit wat gehoor is, op te som of kommentaar daarop te lewer</p> <p>AS 4 Luister met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste en toon begrip:</p>	<p><b>DEMOKRASIE EN ONS LEIERS</b></p> <p>Stel leerders bekend aan leerstof d.m.v 'n storie bv.</p> <p><b>'n Klasverkiesing</b></p> <p>“Klas,” sê juffrou Mohammed, “ek gaan vir twee dae nie by die skool wees nie. Julle kan nie almal na die ander klas toe gaan nie, want daar is nie plek vir almal nie. Die klasse is te klein vir so baie kinders. Juffrou Madisane sal julle werk vir julle kom gee en julle help. Sys al ook kort-kort kom kyk of julle regkom. Omdat sy nie die hele tyd hier kan wees nie, moet julle more iemand kies wat die klasleier kan wees en help dat alles goed gaan. Julle moet mooi dink wie julle</p>	<p>Storie boeke</p> <p>Naslaanboeke</p> <p>Inligtingstukke</p> <p>Leesboeke</p> <p>Klankkaarte</p> <p>Leeskaarte</p> <p>Woordeboeke</p> <p>Koerante</p>

<p>4.1 luister vir die onderwerp of hoofidee;</p> <p>4.2 luister vir besonderhede</p> <p>4.3 voorspel wat gaan gebeur</p> <p>4.4 vertel 'n reeks gebeure of idees oor in 'n teks</p> <p>4.5 beantwoord vrae oor 'n mondelinge teks</p> <p>4.6 druk gevoelens oor teks uit en gee redes daarvoor</p> <p>4.7 bepaal oorsaak en gevolg in 'n mondelinge teks</p> <p>4.8 teken prente om begrip van 'n mondelinge teks te illustreer en skryf dit in eie woorde</p> <p>AS 6 Luister na 'n spreker wat hy nie kan sien nie (soos oor die radio, interkom) en reageer op vrae en instruksies.</p> <p><b>LU 2 PRAAT</b></p>	<p>gaan kies. Daardie leier sal dan weer 'n paar kinder skies om te help. Omdat julle julle leier self gaan kies, moet julle die twee dae wat ek weg is, vir hom of haar luister.</p> <p>Speeltyd bondel al die kinders saam. "Ek dink ons moet vir Nabeel kies," sê een.</p> <p>"Ek hou ook baie van Nabeel, maar ek dink Sindiswa is 'n beter keuse. Sy is slim en sal ons kan help as ons sukkel," sê iemand anders.</p> <p>"Ag,nee ek hou niks van haar nie. Wat liever van Chris?"</p> <p>"Chris is te stout. Hy sal ons almal in die moeilikheid bring,man."</p> <p>Sifiso gaan staan by die meisiekinders waar hulle staan en praat oor wie hulle moet kies. "As julle vir my kies, sal ek elke dag vir julle stories vertel," belowe hy. Dit is waar. Sifiso kan baie mooi praat en vertel mooi stories.</p> <p>"Ons kan nie net heeldag na Sifiso se stories luister nie. Juffrou het gesê ons moet ons werk doen."</p> <p>"Mariaan het gesê as ons haar kies, bring sy elke dag vir elkeen van ons 'n pakkie lekkers skool toe."</p> <p>"Njammie! Ek kies vir Mariaan. Ek is lief vir lekkers."</p> <p>"Ag, Mariaan kan nooit vir twee dae na mekaar vir elkeen 'n pak lekkers bring nie! Waar gaan sy so baie lekkers kry?"</p>	
--	--	--

<p>AS 1 Gesels oor persoonlike ervarings en algemener nuusgebeure en druk gevoelens en menings daaroor uit</p> <p>AS 2 Gebruik taal verbeeldingryk vir prêet en fantasie (soos om grappe en raaisels te vertel, eie gedigte en kodetaal te skep)</p> <p>AS 5 Neem deel aan klas- en groepbesprekings:</p> <p>5.1 inisieer onderwerpe tydens groepbesprekings</p> <p>5.2 neem beurte en stel relevante vrae</p> <p>5.3 stel idees voor en brei daarop uit</p> <p>5.4 toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens</p> <p>5.5 maak opsomming van groep se werk</p> <p>5.6 stel vrae om duidelikheid en inligting te verkry</p> <p>5.7 beantwoord vrae en gee redes vir antwoorde</p> <p>5.8 gee opbouende terugvoering aan ander</p>	<p>So gaan die geselsery daardie hele dag en die volgende oggend aan. Die een kies daai een en daai een kies weer die een. In die klas sê Fatima:” Juffrou kan ek maar twee kinders kies?”</p> <p>“Nee,” sê Juffrou,”elkeen kan net een keer kies.”</p> <p>Na speelyd moet die kinder skies. Elkeen kry ‘n stuk papier en skryf ‘n naam op. Hulle vou die papiertjies toe. Niemand anders hoef te weet wie se naam op ‘n papiertjie staan nie. Sê nou jy kies vir Nabeel, en Mariaan word gekies? Dan gaan Mariaan dalk vir jou kwaad wees omdat jy nie vir haar gekies het nie en gaan sy dalk net vir die ander lekkers bring en nie vir jou nie.</p> <p>Juffrou skryf al die name wat op die papiertjies staan, op die bord. Sy tel wie se naam die meeste kinders opgeskryf het. Dit is Sifiso. Die kinders het hom gekies sodat hy vir hulle stories kan vertel. Sifiso kies vir Sindiswa en sy beste maat Thonga om hom te help.</p> <p>Die volgende dag is juffrou nie daar nie. Dit gaan glad nie goed met die nuwe leiers wat die kinders gekies het nie. Thonga boelie al die seuns. Hulle kan niks doen nie, want hy is een van die leiers! “Ag,” sug Chris,”voor ons vir Sifiso gekies het, moes ons daaraan gedink het dat Thonga sy beste maat en ‘n regte boelie is. Nou sit ons vir twee dae met hom opgeskeep. Volgende keer sal ek dink voor ek stem.”</p>	
--	--	--

<p>AS 8 Raak betrokke by gesprekvoering as 'n sosiale vaardigheid</p> <p><b>LU 3 LEES EN KYK</b></p> <p>AS 2 Skep betekenis uit geskrewe teks</p> <p>2.1 lewer kommentaar op 'n storie of gedig wat hy/sy gelees het en toon begrip</p> <p>deur die volgende vrae te antwoord</p> <p>2.1.1 hoofidee</p> <p>2.1.2 kernbesonderhede soos hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond, kultuurwaardes</p> <p>2.1.3 die verband tussen oorsaak en gevolg</p> <p>2.1.4 gevolgtrekkings</p> <p>2.1.5 het hy/sy van die storie gehou? Waarom of waarom nie?</p> <p>2.2 lees instruksies wat met hul ware belangstellings en behoeftes verband hou</p> <p>2.3 lees 'n wye verskeidenheid redelik</p>	<p>Klasbespreking: Elke skool het leiers of prefekte. Waarom?</p> <p>Wat is hul funksie?</p> <p>Deur wie is hulle verkies?</p> <p>Hoe is hulle gekies?</p> <p>Waarom is juis hulle gekies en nie ander nie?</p> <p>Hoe word die hoofseun en hoofmeisie gekies?</p> <p>Oor watter eienskappe moet 'n leier beskik?</p> <p>Wat gebeur as hulle nie goeie leiers is nie?</p> <p>Stel 'n vloeiagram/kopkaart op die skryfbord saam met hierdie vrae as opskrifte.</p> <p>Elke land het ook leiers nodig.</p> <p>Gebruik dieselfde vloeiagram (in vorige aktiwiteit) en verduidelik hoe die leiers van ons land verkies word.</p> <p>Bespreek die begrippe : demokrasie, kiesers, partye, nomineer, kandidaat, stem, stembus, stembrief, uitslag.</p> <p>Die mense het dus "gepraat". Die verkiesing is verby. Nou moet die president aangewys word. Verduidelik die proses</p>	
---	--	--

<p>komplekse tekste soos fiksie-en nie-fiksie boeke, inhoudsopgawes en indekse</p> <p>AS 3 Lees tekste op hul eie en gebruik 'n verskeidenheid strategieë om betekenis te skep</p> <p>3.1 lees 'n geskrewe teks vlot en met begrip</p> <p>3.1.1 spreek woorde akkuraat uit tydens luidlees</p> <p>3.1.2 lees ekspressief met gepaste klem, pouse en intonasie tydens luidlees</p> <p>3.1.3 gebruik woorderkennings- en begripsvaardighede om onbekende tekste te lees, soos klanke, kontekstuele leidrade, voorspelling,</p> <p>3.1.4 gebruik 'n verskeidenheid metodes om lees outomaties te monitor en te verbeter, soos herlees, lees verder, pousering, oefen die woorde voor hy/sy dit hardop se</p> <p>AS 5 Lees vir inligting en genot</p> <p>5.1 kies boeke ,fiksie en nie-fiksie en se</p>	<p>aan die leerders.</p> <p>Bespreek hoekom dit so belangrik is om te stem en te dink voordat jy stem. (die storie)</p> <p>Wys 'n foto van die staatspresident. Bespreek sy pligte. Onthou om al die nuwe woorde op die bord te skryf/flitskaarte.</p> <p>Laat leerders sinvolle sinne met elke woord maak.</p> <p><b>VERKIESING VAN 'N KLASPRESIDENT</b></p> <p>Die onderwyser kan leerders na verskillende sprekers laat luister op 'n CD of na 'n DVD laat kyk en sy stel vrae aan leerders oor wat hulle gehoor het. Die ook as leiding wanneer hulle moet praat oor hoekom hy/sy 'n goeie leier sal wees.</p> <p>Die onderwyser lei die proses. Leerders nomineer kandidate. Elke nominasie word gesecondeer. Die kandidate spreek die leerders toe bv. "Ek sal 'n goeie leier wees, want....."</p> <p>Die onderwyser verduidelik hoe 'n stembrief saamgestel word. Die onderwyser kopieer die stembrief met die leerders se name op. Elke leerder ontvang 'n stembrief. Die onderwyser verduidelik die beginsel "Een man, een stem."</p>	
---	--	--



<p>waarvan hy/sy hou en nie hou nie</p> <p>5.3 lees verskillende soorte tekste soos strokiesverhale, tydskrifte, koerante</p> <p>5.4 ontwikkel woordeskat deur 'n woordeboek te gebruik en 'n persoonlike woordeboek saam te stel</p> <p>5.5 gebruik die inhoudsopgawe, indeks, kernwoorde, opskrifte, onderskrifte en bladsy nommers om inligting te vind</p> <p>5.6 speel woordspeletjies wat kennis van woordeskat en spelling uit te brei</p> <p>5.7 identifiseer en vind inligtingsbronne soos lede van die gemeenskap, biblioteekboeke</p> <p><b>LU 4 SKRYF</b></p> <p>AS 1 Gebruik pre-strategie om 'n skryfstuk te begin skryf</p> <p>1.1 gebruik pre-strategie om inligting te versamel en 'n onderwerp te kies (hou dinkskrum, vrye skryf, gesels met maat)</p> <p>1.2 begin om skryfstukke te beplan</p> <p>AS 2 Skryf konsepweergawe van</p>	<p>Die kiesers gaan nou stem. Elkeen maak 'n kruis by sy/haar kandidaat se naam. (Sny 'n gleuf in 'n boks se deksel en verseël dit.) Die kiesers plaas hul stemme in die stembus. Die seël word gebreek en onderwyser (verkiesingsbeampte) tel die stemme. Die uitslag word bekend gemaak en die wenkandidaat word aangewys. Die nuwe klaspresident wys sy/haar adjunk-president en minsters aan.</p> <p>Sit nuwe klank op die bord en leerders oefen die uitspraak. Skryf woorde neer.</p> <p>Lees 'n gepaste leesles en luister na storie bv.</p> <p><b>STEMDAG</b></p> <p>Vandag is stemdag. Omdat mense by Isak se skool stem, mag hy by die huis bly. Hy hoef die hele, heerlike dag nie skool toe te gaan nie.</p> <p>Isak hoef nie skool toe te gaan nie, maar op die ou end gaan hy tog saam met sy ma en pa skool toe. Hulle wou gaan stem en wou hom nie alleen by die huis los nie. Eers was hy vies omdat hy saam skool toe moes gaan. Wat moet 'n woelige kind soos hy by die skool gaan maak as daar nie maats is nie?</p> <p>Hy staan saam met sy ma en pa in die ry voor die saal. Die grootmense praat oor die partye, en hulle ontmoet van die leiers. Isak kyk maar na die plakkate.</p> <p>Hy sal nie vir die man met die vreeslike bos baard stem nie.</p>	
--	---	--

<p>skryfstuk vir verskillende doeleindes</p> <p>2.1 kies 'n teksformaat gepas vir doel en teikengroep (soos 'n dagboekinskrywing om gevoelens oor gebeure op te teken)</p> <p>2.2 skryf 'n reeks kort tekste vir verskillende doeleindes (soos stories bestaande uit een of twee paragrawe, eenvoudige boekresensies, resepte, briewe, dialoe, aanwysings)</p> <p>2.3 skryf, waar gepas, 'n titel wat die inhoud weerspieel</p> <p>AS 3 Hersien skryfstukke:</p> <p>3.1 bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee en te ontvang</p> <p>3.2 redigeer eie skryfwerk (soos skrap of voeg woorde by om betekenis duideliker te stel, herrangskik sinne, gaan woordorde na</p> <p>3.3 hersien eie skryfwerk nadat terugvoering ontvang is</p> <p>AS 4 "Publiseer" skryfstukke</p> <p>4.1 deel werk met ander deur dit hardop</p>	<p>Hy sal liever vir dir man met die earlike gesig stem.</p> <p>Miskien sal hy stem vir die party wie se emblem 'n bok is.</p> <p>Nou is hulle voor in die ry. Die man by die tafel drup verf op sy ma en pa se duime. Isak hou ook sy duim, maar hy kry nie verf nie. Hy mag nie stem nie, want hy is nog te jonk. Hy mag wel sy hand in die masjien druk wat so blou skyn. Dis om te kyk of iemand nie alreeds op 'n ander plek gestem het nie. Elkeen kry net een kans om te stem.</p> <p>Sy pa en ma gaan staan elkeen in 'n hokkie met 'n stembriefie. Hulle trek hulle kruisies by die party wat hulle verkies. Niemand weet vir wie hulle gestem het nie. Dit was nou 'n ervaring, dink Isak. Ek moet nou mooi onthou wat ek gesien het. Eendag as ek groot is, sale k mooi luister na die nuus. Dan sal ek weet vir watter party ek my kruisie moet trek.</p> <p>Leerders luister vir aangeleerde klanke en elke keer as hulle die nuwe klank hoor, klap hulle hulle hande een maal. Hulle identifiseer die woord en onderwyser skryf dit in die regte kolom op die bord.</p> <p>Nadat al die woorde neergeskryf is, lees leerders weer al die woorde. Vul die lys woorde aan en leerders skryf dit in hul</p>	
---	--	--

<p>te lees en/of in die klas uit te stal</p> <p>4.2 deel skryfwerk met die bedoelde teikengroep, soos die gesin of maats(briewe, boodskappe, aanwysings)</p> <p>4.3 maak eie boeke of bloemlesings</p> <p>AS 5 Bou woordeskat op en spel self woorde</p> <p>5.2 eksperimenteer met en gebruik woorde uit stories, leesstukke, die media, grappe en klasmaats en ander se mondelinge taal</p> <p>5.5 gebruik kennis van klanke en spelreels om onbekende woorde te skryf</p> <p>AS 6 Gebruik gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies</p> <p>6.1 begin om sinne in paragrawe te groepeer</p> <p>6.2 gebruik punktuasie gepas (hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroepetekens)</p> <p>AS 7 Skryf leesbaar</p> <p>7.1 skryf maklik en met toenemende</p>	<p>woordeboeke/woordbank.</p> <p>Vra vrae om leerders se begrip te toets. Doen opdrag in skryfboeke.</p> <p>Die president kom die skool besoek. Oefen hoe om hom te groet. Die leerders sing die volkslied. Lê klem op die respek wat betoon word as ons die volkslied sing bv. staan regop, staan stil, moenie praat of lag nie, as jy 'n hoed op jou kop het moet jy dit afhaal.</p> <p>Leerders leer die gedig :</p> <p><b>ONS STAATSPRESIDENT</b></p> <p>'n Slim man, die is ons president.</p> <p>Hy is oor die hele wêreld goed bekend.</p> <p>Vanuit die Uniegebou werk hy met die sake van ons land,</p> <p>Die adjunk-president is sy regterhand.</p> <p>Hy het ook 'n kabinet om hom by te staan,</p> <p>Want as president moet hy weet wat orals aangaan.</p>	
---	--	--

<p>spoed a.g.v. gereelde oefening</p> <p>7.2 voltooi skryftaak binne 'n gegewe tyd</p>	<p>Wil ek eendag president wees – is dit wat jy vra?</p> <p>Ag nee wat jong, wie wil nou eendag 'n pak en das dra!</p> <p>Dramatiseer die besoek – kies individuele leerders om die rolle te vertolk. Neem die klas na buite en voer die besoek op.</p> <p>Skryf 'n brief aan jou maat in 'n ander dorp om hom/haar te vertel van die president se besoek.</p> <p>Skryf die storie “Die president” op 'n muurkaart. Laat eindklanke d of t weg</p> <p><b>DIE PRESIDENT</b></p> <p>Ons lan_ is Suid-Afrika. Dit is seker die mooiste land in die hele wêrel_. Ons het ook 'n presiden_. Hy is 'n belangrike man wat soms 'n hoe_ dra. Partykeer moet hy ook 'n</p>	
--	---	--

<p><b>LU 5 DINK EN REDENEER</b></p> <p>AS 2 Gebruik taal om te dink en redeneer</p> <p>2.1 verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsaak en gevolg, die maak van gevolgtrekkings</p> <p>AS 3 Gebruik taal om te ondersoek</p> <p>3.4 gebruik eenvoudige strategiee om inligting te verkry</p> <p>3.4.1 stel gepaste vrae</p> <p>3.4.2 voer onderhoude en maak opnames</p> <p>3.4.3 soek inligting in 'n biblioteek</p> <p>3.6 som inligting op en bied dit op 'n interessante manier aan</p> <p>AS 4 Verwerk inligting</p> <p>4.1 organiseer en teken inligting op verskillende maniere op</p>	<p>borsspel_ dra wat soos 'n ster lyk. Dan rol die mense vir hom 'n rooi tapy_ of 'n ma_ uit om op te loop. Hy groet alty_ die mense met die han_. Hy ry gewoonlik in 'n blink motor. Sy motorbestuurder dra 'n pe_. Die president en die ministers vorm saam die kabine_. Hulle bespreek belangrike sake in die parlemen_. Elke nuwe we_ wat hulle maak, moet eers deur die president onderteken wor_. Die president verdien baie gel_, maar hy werk baie har_. Hy het 'n goeie har_, want hy is life vir elke kin_ in hierdie lan_.</p> <p>Onderwyser vra vrae bv. Wat is 'n ander woord vir "kry" (ontvang) ens. (sinonieme). Gee meer voorbeelde.</p> <p>Antonieme – wat is die teenoorgestelde van "kry" (gee) ens.</p> <p>Leerders doen oefening in skryfboeke en skryf nuwe woorde in woordbank.</p> <p>Flits dubbel- en tweeklinkerklanke. Leerders lees dit so vinnig as wat hulle kan. Flits nou klanksamevloeiings, voor- en agtervoegsels. Die leerders moet enige woord sê waarin die klanke voorkom.</p> <p><b>NASIONALE SIMBOLE</b></p>	
---	--	--

<p>4.1.1 kies inligting en maak aantekeninge</p> <p>4.1.2 teken kopkaarte</p> <p>4.1.3 konstrueer tabelle, diagramme en vloedigramme</p>	<p>Stel vrae aan leerders oor wat hulle dink hulle skool van ander skole onderskei bv. kleur van skooldrag, skoolwapen, -leuse ens. Noem dat dit uniek is. Net so het ons land ook simbole eie aan S.A. Ons noem dit nasionale simbole. Wys prente en 'n werklike R1-munt en 'n prent of foto van 'n Springbokrugbyspeler; 'n 20c-munt en 'n prent of foto van 'n Proteakrieketspeler aan die leerders. Wys ook 'n 5c-munt. Bespreek land se nasionale simbole (alreeds in graad 2 gedoen). Stel vas wat leerders ken deur vrae te vra.</p> <p>Die vlag, landswapen en volkslied is ook uniek. Bespreek die simboliek van die vlag (in graad 2 gedoen) en die landswapen met sy leuse. Wys werklike voorbeelde/prente..</p> <p>Vra vrae bv. Verstaan jy wat jy sing?</p> <p>Hoekom dink jy is die volkslied in verskillende tale?</p> <p>Pas dit by ons reënboognasie?</p> <p>Wat beteken die word "volkslied"? ens</p> <p>Bespreek kortliks die volkslied se samestelling en die woorde bv.</p> <p>In 1897 het Enoch Sontonga die gesang Nkosi Sikelel' iAfrika geskryf. Die digter S.E.K.Mqhayi het nog sewe verse bygeskryf en dit was opgeneem deur Solomon T. Plaatjie en die begeleiding was op 'n klavier uitgevoer deur Sylvia Colenso. In 1925 het die ANC hul byeenkomste afgesluit</p>	
--	---	--

<p><b>LU 6 TAALGEBRUIK EN – STRUKTUUR</b></p> <p>AS 1 Bring klanke in verband met letters en woorde</p> <p>1.1 gebruik klanke om moeiliker woorde te spel</p> <p>1.2 gebruik enkel- en dubbelkonsonante en – vokale korrek</p> <p>1.3 gebruik d en t slotklank korrek</p> <p>AS 2 Werk met woorde</p> <p>2.1 gebruik sommige spelreëls om korrek te spel</p> <p>2.4 verstaan en gebruik adjektiewe (algemene verboë vorme, trappe van vergelyking en intensiewe vorme)</p> <p>2.5 gebruik voor- en agtervoegsels om woorde te bou</p>	<p>met hierdie lied.</p> <p>In 1918 het C.J.Langenhoven ‘n gedig geskryf oor sy toegewydheid aan Suid-Afrika. Eerwaarde M.L. de Villiers het die gedig in 1921 getoonset. So het “Die Stem” sy ontstaan gehad.</p> <p>Wanneer ons ons volkslied sing, in vier tale, isiZulu, seSotho, Afrikaans en Engels, vertel ons aan die wêreld dat, alhoewel ons ‘n verskeidenheid mense in Suid-Afrika is, ons een nasie is.</p> <p>Wys leerders op ooreenkomste tussen die twee skrywers van ons volkslied bv.</p> <p>Albei was gebore in 1873. Albei was Godvresende mans. Albei het onderdruk gevoel deur koloniale wette. Albei was kunstenaars. Albei het gestrewe na ‘n vry en geseënde land.</p> <p>Bespreek die respek vir ons nasionale simbole – hoe, wanneer en waar?</p> <p>Bespreek die nuwe leuse. Dit is geskryf in Xam-taal wat lankal reeds uitgesterf het.</p> <p><b>! ke e : / xarra // ke</b></p>	
---	--	--

<p>2.6 verstaan en gebruik verder sinonieme en antonieme</p> <p>AS 3 Werk met sinne</p> <p>3.2 gebruik woordorde korrek in korter en langer sinne</p> <p>3.3 gebruik gepaste tye</p> <p>3.8 gebruik skryfkonvensies korrek (hoofletters soos name van lande, komma, punt, vraagteken en uitroepteken)</p> <p>AS 4 Werk met tekste</p> <p>4.1 skakel sinne om paragrawe te vorm en gebruik die tye van die werkwoord konsekwent</p> <p>AS 6 Ontwikkel kritiese taalbewustheid: ondersoek byvoorbeeld hoe, met wie en met watter doel die klas informele taal en sleng gebruik.</p>	<p>! - klap die tong soos die q in Zoeloe</p> <p>k - word nie uitgespreek nie</p> <p>e - kort soos in pen</p> <p>e : - 'n baie lang e-klank, amper soos e-hê-hê</p> <p>/ - 'n sagte klik van die tong soos die c in Zoeloe</p> <p>x - 'n lang gggg-klank - ggggara</p> <p>// - 'n klik van die tong soos in Xhosa</p> <p>k - word nie uitgespreek nie</p> <p>e - kort soos in pen</p> <p>Probeer dit sê : (klik) e e-hê-hê (klik) ggggara (klik) e</p> <p>Verduidelik aan leerders wat dit in Afrikaans beteken : EENHEID IN VERSKEIDENHEID</p> <p>UNITY IN DIVERSITY (Engels)</p> <p>Leer leerders 'n gedig aan bv.</p> <p><b>ONS IS EEN</b></p> <p>Jan is wit en Bongani swart</p> <p>Abdoel is bruin en Rashid geel</p>	
---	--	--



	<p>Maar hierdie spul kleure Raak vir my een te veel! Want wit is soos die papier waarop ek skryf, En dit is mos glad nie die kleur van my lyf? My skoene is swart wat ek skool toe dra, Maar Bongani se vel lyk nie so nie, as jy my vra! Bruin is die kleur van 'n lukwart se pit, Maar sê my, lyk Abdoel se vel nou na dit? 'n Suurlemoen en my kanarie is geel, Beslis nie Rashid, waarmee ek so graag speel. 'n Reënboognasie? Wat praat die grootmense tog? My verstand sê vir my dis net 'n klomp bog! Ons is Suid-Afrikaners – dit weet ek wel. Wat maak dit tog saak wat is die kleur van my vel. Skryf die gedig op 'n muurkaart. Gebruik toepaslike prente om moeilike woorde te verduidelik.</p>	
--	---	--

	<p>Plaas prente van ons land se nasionale simbole op die bord. Plaas 'n kaart van S.A. op die bord. Wys op die kaart die oorsprong (waar dit hoofsaaklik voorkom)</p> <p>Springbok – Kalahari</p> <p>Protea – Wes-Kaap</p> <p>Geelhoutboom - Tsitsikamma</p> <p>Bloukraanvoël - Karoo</p> <p>Galjoen - Atlantiese Oseaan</p> <p>Plaas kaart van die wêreld op die bord en wys leerders waar ons vasteland is.</p> <p>Waar ons land geleë is, nege provinsies, ons provinsie, leerder se dorp.</p> <p>Hoofletters</p> <p>Skryf die provinsies</p> <p>Vastelande</p> <p>Dorp se naam</p> <p>Vergelyk vlae van lande en leerders kies 'n land. Doen navorsing by 'n biblioteek en som inligting op en bied dit aan vir maats in klas. Maak 'n boekie en stal dit in leeshoekie uit.</p>	
--	--	--

	<p>Leerders kan illustrasies in hul boekies gebruik.</p> <p>Skryf in ontkennende vorm</p> <p>Suid-Afrika het ses provinsies.</p> <p>Suid-Afrika het nie ses provinsies nie.</p> <p>Oos-Londen is in Gauteng.</p> <p>Oos-Londen is nie in Gauteng nie. Ens</p> <p>Vul vraagtekens en uitroepetekens in :</p> <p>Hoe oud was Mandela toe sy pa dood is</p> <p>Hoe lank was hy in die trunk</p> <p>Pasop Hier kom die polisie</p> <p>Het Mandela in 'n myn gewerk</p> <p>Gaan weg Jy mag nie op die sit nie</p> <p>Verbind die sinne met want:</p> <p>My pa is my held. Hy dra my op sy skouers.</p>	
--	---	--

	<p>Dit was vir Nelson lekker by die skool. Hy was 'n slim kind.          Almal staan op aandag. Hulle sing die volkslied. ens</p>	
--	---	--

**TERUGBLIK :** -----

-----

-----

**OPSOMMING VAN FORMELE ASSESSERINGSTAKE**

**VIERDE KWARTAAL**

<b>TAAK 1</b>	<b>TAAK 2</b>	<b>TAAK 3</b>	<b>TAAK 4</b>
---------------	---------------	---------------	---------------

LU 1 AS 4	LU 3 AS 3	LU 1 AS 4	LU 4 AS 2
LU 2 AS 5	LU 5 AS 2	LU 1 AS 6	LU 4 AS 6
	LU 6 AS 2	LU 2 AS 2	LU 4 AS 7
			LU 5 AS 3
			LU 5 AS 4
			LU 6 AS 6

LU'S EN ASS STANDAARDE	AKTIWITEITE	BRONNE
<p><b>LU 1 LUISTER</b></p> <p>AS 1 Luister aandagtig en reageer op 'n uitgebreide stel instruksies gepas vir sy/haar vlak</p> <p>AS 2 Toon gepaste luistergedrag deur respek vir die spreker te toon, beurte te nee mom te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en dit wat gehoor is, op te som of kommentaar daarop te lewer</p> <p>AS 4 Luister met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste en toon begrip:</p> <p>4.1 luister vir die onderwerp of hoofidee;</p> <p>4.2 luister vir besonderhede</p> <p>4.3 voorspel wat gaan gebeur</p> <p>4.4 vertel 'n reeks gebeure of idees oor in 'n teks</p>	<p>Vertel / lees stories aan leerders voor van helde/inne bv.</p> <p><b>Wolraad Woltemade</b></p> <p><b>Die verhaal van Nelson Mandela</b></p> <p><b>'n Moderne held</b></p> <p>Carol kyk met blink oë na haar neef, Cashes. Sy is trots op hom, en as sy terugkom by die skool, sal sy seker maak dat al die onderwysers en kinder sweet van die dapper daad wat Cashes gedoen het om haar te red. Dit het so gebeur :</p> <p>Op 'n dag in September 1998, was Cashes en Carol op pad huis toe van die skool af. Die twee kinders is nie net neef en niggie nie, maar ook beste vriende. Toe hulle by die groot gruisgroef van Bloemfontein verbystap, sê Cashes: "Kom ons gaan kyk hoeveel water in die gat is."</p>	<p>Storieboeke</p> <p>Leesboeke</p> <p>Inligtingstukke</p> <p>Woordeboeke</p> <p>Naslaanboeke</p> <p>Flitskaarte</p> <p>Klankkaarte</p> <p>Koerante</p> <p>Pamflette</p>

<p>4.5 beantwoord vrae oor 'n mondelinge teks</p> <p>4.6 druk gevoelens oor teks uit en gee redes daarvoor</p> <p>4.7 bepaal oorsaak en gevolg in 'n mondelinge teks in eie woorde</p> <p><b>LU 2 PRAAT</b></p> <p>AS 1 Gesels oor persoonlike ervarings en algemener nuusgebeure en druk gevoelens en menings daaroor uit</p> <p>AS 5 Neem deel aan klas- en groepsbesprekings:</p> <p>5.1 inisieer onderwerpe tydens groepsbesprekings</p> <p>5.2 neem beurte en stel relevante vrae</p> <p>5.3 stel idees voor en brei daarop uit</p> <p>5.4 toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens</p> <p>5.5 maak opsomming van groep se werk</p> <p>5.6 stel vrae om duidelikheid en inligting</p>	<p>“Goed,” sê Carol, “maar ons moet net versigtig wees. Die gat is regtig diep en as een van ons inval ....”</p> <p>By die gat staan hulle op die randjie en afkyk. Carol kan nie mooi sien nie en staan nadir aan die rand. Die volgende oomblik verloor sy haar balans en val 'n hele paar meter in die gat af!</p> <p>“Cashes,” skree sy, net voor sy met haar kop op 'n klip val. Bloed stroom uit die wond, en hoewel sy dit nie weet nie, het sy al twee haar arms gebreek.</p> <p>Cashes kyk rond. Hy is geskok en paniekerig. Daar is nie 'n mens in sig nie. Wat gaan nou met Carol gebeur? Sy lê net daar en kreun.</p> <p>Dan praat Cashes hardop met homself. “Ek moet haar help, sy’s my niggie!”</p> <p>Hy haal diep asem en spring in die gat in. Hy beland selfs laer as Carol. Hy voel die vreeslike pyn toe sy been oopgesny word deur 'n skerp rots. Maar hy moet net aanhou. Carol moet gered word. Hy kruip tot by haar. “Lê net stil, Carol,” sê hy. “Ek gaan iemand soek om ons te help.”</p> <p>Met 'n been wat sterk bloei, sukkel Cashes teen die skuins wal van die gat uit. Toe hy bo uitkom, sien hy 'n man aankom. “Help! Help! Kom gou!” skree Cashes.</p> <p>Die man hardloop nader en toe hy hoor wat gebeur het,</p>	
--	--	--

<p>te verkry</p> <p>5.7 beantwoord vrae en gee redes vir antwoorde</p> <p>5.8 gee opbouende terugvoering aan ander</p> <p>AS 8 Raak betrokke by gesprekvoering as 'n sosiale vaardigheid</p> <p><b>LU 3 LEES EN KYK</b></p> <p>AS 2 Skep betekenis uit geskrewe teks</p> <p>2.1 lewer kommentaar op 'n storie of gedig wat hy/sy gelees het en toon begrip</p> <p>deur die volgende vrae te antwoord</p> <p>2.1.1 hoofidee</p> <p>2.1.2 kernbesonderhede soos hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond, kultuurwaardes</p> <p>2.1.3 die verband tussen oorsaak en gevolg</p> <p>2.1.4 gevolgtrekkings</p>	<p>gly hy gou op sy sitvlak by die wal van die gat af waar Carol lê. Hy tel haar versigtig op, klim teen die wal uit en dra haar byna 'n kilometer ver tot by die teerpad. Cashes hink agter hom aan met 'n been wat bloei en baie pyn.</p> <p>By die pad kan hulle nie hulle oë glo toe hulle sien wie aankom nie – dis een van die onderwyseresse van die skool. Mevrouw Bloem neem die kinders dadelik dokter toe en laat weet hul ouers van die ongeluk.</p> <p>Na vier dae in die hospitaal en met al twee arms in gips, kan Carol met trots glimlag as sy na Cashes kyk met veertig steke in sy been. "Hy is 'n regte held," sê sy oor en oor.</p> <p>Die onderwyser plaas vier karate met die letters e, l, d, h, teen die bord. Vra leerders om die word te skommel om 'n word te vorm.</p> <p>Wat is 'n held? Leerders gee hulle definisies.</p> <p>Die onderwyseres wys dat elke letter op 'n spesifieke karaktereienskap dui.</p> <p>H - hulpvaardig</p> <p>E - eerlik</p> <p>L - liefdevol / lojaal</p>	
---	---	--



<p>2.1.5 het hy/sy van die storie gehou? Waarom of waarom nie?</p> <p>2.2 lees instruksies wat met hul ware belangstellings en behoeftes verband hou</p> <p>2.3 lees 'n wye verskeidenheid redelik komplekse tekste soos fiksie-en nie-fiksie boeke, inhoudsopgawes en indekse</p> <p>AS 3 Lees tekste op hul eie en gebruik 'n verskeidenheid strategieë om betekenis te skep</p> <p>3.1 lees 'n geskrewe teks vlot en met begrip</p> <p>3.1.1 spreek woorde akkuraat uit tydens luidlees</p> <p>3.1.2 lees ekspressief met gepaste klem, pouse en intonasie tydens luidlees</p> <p>3.1.3 gebruik woorderkennings- en begripsvaardighede om onbekende tekste te lees, soos klanke, kontekstuele leidrade, voorspelling,</p> <p>3.1.4 gebruik 'n verskeidenheid metodes</p>	<p>D - dapper / deursettingsvermoë</p> <p>Bespreek elke karaktertrek.</p> <p>Leerders moet kyk of hulle hierdie karaktertrekke in die voorgelese storie kan identifiseer.</p> <p>Klasbespreking:</p> <p>Vra aan leerders wie hulle held is. Laat leerders motiveer hoekom hulle die spesifieke persoon as hulle held beskou.</p> <p>Leerders soek prente, foto's of koerantuitknipsels van iemand wat hulle as 'n held beskou.</p> <p>Bespreek die keuses. Plak die prente /foto's op groot velle papier. Laat individuele leerders 'n kort berigjie skryf bv. .... is my held omdat .....</p> <p>Plaas prente teen mure</p> <p>Kies een van die stories wat aan leerders voorgeles was, om te dramatiseer.</p> <p>Hersien voorgeskrewe spelwoorde.</p> <p>Leerders doen 'n werkopdrag bv.</p>	
---	--	--

<p>om lees outomaties te monitor en te verbeter, soos herlees, lees verder, pousering, oefen die woorde voor hy/sy dit hardop se</p> <p>AS 5 Lees vir inligting en genot</p> <p>5.1 kies boeke ,fiksie en nie-fiksie en se waarvan hy/sy hou en nie hou nie</p> <p>5.3 lees verskillende soorte tekste soos strokiesverhale, tydskrifte, koerante</p> <p>5.4 ontwikkel woordeskat deur 'n woordeboek te gebruik en 'n persoonlike woordeboek saam te stel</p> <p>5.5 gebruik die inhoudsopgawe, indeks, kernwoorde, opskrifte, onderskrifte en bladsy nommers om inligting te vind</p> <p>5.6 speel woordspeletjies wat kennis van woordeskat en spelling uit te brei</p> <p>5.7 identifiseer en vind inligtingsbronne soos lede van die gemeenskap, biblioteekboeke</p> <p><b>LU 4 SKRYF</b></p> <p>AS 1 Gebruik pre-strategie om 'n</p>	<p>Kom ons kyk hoe wakker is jy!</p> <p>Vul in t of d en soek 5 plekke wat eintlik hoofletters moet hê.</p> <p>Een men swat doo.. is omdat hy teen aparthei.. baklei het, was steve biko.</p> <p>Hy wou 'n dokter wor.. . Toe hy 'n studen.. was, he thy baie teen apartheid gepraa... Hy het gesê almal in die lan.. moet gelyk wees.</p> <p>Dit het party mense kwaa.. gemaak. Hulle het hom verbie.. om sy dorp te verlaa...</p> <p>Hy het mense aangespoor om vir hulle vryhei.. te veg. Hy was net 31 jaar ou.. toe hy doo.. is. in die sta.. Oos-Londen is daar 'n standbeel.. van Steve Biko. Die mense het hom nie vergee.. nie.</p> <p>Hoeveel duisen.. mense geniet vandag die vryhei.. wat</p>	
---	---	--

<p>skryfstuk te begin skryf</p> <p>1.1 gebruik pre-strategie om inligting te versamel en 'n onderwerp te kies (hou dinkskrum, vrye skryf, gesels met maat)</p> <p>1.2 begin om skryfstukke te beplan</p> <p>AS 3 Hersien skryfstukke:</p> <p>3.1 bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee en te ontvang</p> <p>3.2 redigeer eie skryfwerk (soos skrap of voeg woorde by om betekenis duideliker te stel, herrangskik sinne, gaan woordorde na</p> <p>3.3 hersien eie skryfwerk nadat terugvoering ontvang is</p> <p>AS 4 “Publiseer” skryfstukke</p> <p>4.1 deel werk met ander deur dit hardop te lees en/of in die klas uit te stal)</p> <p>4.3 maak eie boeke of bloemlesings</p> <p>AS 5 Bou woordeskat op en spel self woorde</p> <p>5.2 eksperimenteer met en gebruik</p>	<p>hulle nooi.. geha.. het nie.</p> <p>Pas spelreëls toe.</p> <p>Kies geskikte leeslesse</p> <p>Flits klanke wat tot nou toe behandel is. Die leerders soek klanke in leesstuk en omkring dit.</p> <p>Hulle lees sigwoorde so vinnig as wat hulle kan. Flits 5 woorde, terwyl leerders saggies die woorde lees. Herhaal, maar laat 1 woord weg. Kan leerders die word benoem? Kan hulle dit neerskryf?</p> <p>Nooi mense uit die plaaslike gemeenskap van verskillende kulture wat rolmodelle is, om leerders te kom toespreek.</p> <p>Lees gedigte voor, bv. <b>Klara Majola</b>, aan leerders voor uit D.J. Opperman se Klein Verseboek</p>	
--	---	--

<p>woorde uit stories, leesstukke, die media, grappe en klasmaats en ander se mondelinge taal</p> <p>5.5 gebruik kennis van klanke en spelreels om onbekende woorde te skryf</p> <p>AS 6 Gebruik gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies</p> <p>6.1 begin om sinne in paragrawe te groepeer</p> <p>6.2 gebruik puntuasie gepas (hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroepetekens)</p> <p>AS 7 Skryf leesbaar</p> <p>7.1 skryf maklik en met toenemende spoed a.g.v. gereelde oefening</p> <p>7.2 voltooi skryftaak binne 'n gegewe tyd</p> <p><b>LU 5 DINK EN REDENEER</b></p> <p>AS 2 Gebruik taal om te dink en redeneer</p> <p>2.1 verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsaak en gevolg, die</p>	<p><b>Elf tale in ons land</b></p> <p>Ek is so jammer vir die mense in ander lande wat net een taal kan praat. want hier in Suid-Afrika praat ons tog elf, ou maat! Daar's Sepedi, Sesotho en Setswana ook Siswati en Thsivenda. Daar's Afrikaans, Engels en isiXhosa isiZulu, isiNdebele en Xitsonga.</p> <p>Ek is so jammer vir die mense in ander lande wat net een taal kan praat. Want hier in Suid-Afrika praat ons tog elf, ou maat.</p> <p><b>My land, Suid-Afrika</b></p> <p>Suid-Afrika – hier bly ek Want dis sommer 'n lekker plek.</p>	
--	---	--

<p>maak van gevolgtrekkings</p> <p>AS 3 Gebruik taal om te ondersoek</p> <p>3.4 gebruik eenvoudige strategiee om inligting te verkry</p> <p>3.4.1 stel gepaste vrae</p> <p>3.4.2 voer onderhoude en maak opnames</p> <p>3.4.3 soek inligting in 'n biblioteek</p> <p>3.6 som inligting op en bied dit op 'n interessante manier aan</p> <p><b>LU 6 TAALGEBRUIK EN – STRUKTUUR</b></p> <p>AS 1 Bring klanke in verband met letters en woorde</p> <p>1.1 gebruik klanke om moeiliker woorde te spel</p> <p>AS 2 Werk met woorde</p> <p>2.1 gebruik sommige spelreëls om korrek te spel</p> <p>AS 3 Werk met sinne</p>	<p>Die see, Tafelberg en Krugerwildtuin</p> <p>Hier's iets vir almal – groot en klein.</p> <p>Braaivleis, pap, die son wat brand</p> <p>Dis beter hier as 'n ander land.</p> <p>In Amerika, Londen en veral Egipte wil ek nie bly</p> <p>Want wie wil nou met 'n kameel skool toe ry.</p> <p>Vergelyk ander lande se kulture met Suid-Afrika s'n bv. Japan, Egipte, Indië, Amerika, Australië, Spanje, Nederland ens.</p> <p>Vertel vir hulle stories, soos volksverhale.</p> <p>Laat leerders gaan navorsing doen oor hul kulture en hou 'n kultuurdag by die skool waar leerders opvoerings hou, gedigte voorlees of opdra en verskillende stories vertel. Hulle kan ook die kleredrag van verskillende lande se kulture uitbeeld.</p> <p>Leerders kan ook self stories skryf en boekies maak en dit in die leeshoekie uitstal vir ander om dit te lees.</p>	
---	--	--

<p>3.2 gebruik woordorde korrek in korter en langer sinne</p> <p>3.3 gebruik gepaste tye</p> <p>3.8 gebruik skryfkonvensies korrek (hoofletters soos name van lande, komma, punt, vraagteken en uitroepeteken</p>	<p>Gebruik en verstaan afkappings s. Laat leerders woordeboeke gebruik om woorde te soek om woordeskat op te bou bv.</p> <p>foto's,</p>	
<p><b>TERUGBLIK :</b>-----</p>		

**GRAAD 3**

**GELETTERDHEID**

**VIERDE KWARTAAL**

**TEMA : DIEET, KLERE EN VERSIERINGS VAN VERSKILLENDE GELOWE**

**TYDSDUUR : 2 WEKE**

<b>LU'S EN ASS STANDAARDE</b>	<b>AKTIWITEITE</b>	<b>BRONNE</b>
<p><b>LU 1 LUISTER</b></p> <p>AS 1 Luister aandagtig en reageer op 'n uitgebreide stel instruksies gepas vir</p>	<p>Leerders gaan doen navorsing deur onderhoude te voer met mense van verskillende gelowe bv.</p>	<p>Storie boeke</p>

<p>sy/haar vlak</p> <p>AS 2 Toon gepaste luistergedrag deur respek vir die spreker te toon, beurte te neem om te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en dit wat gehoor is, op te som of kommentaar daarop te lewer</p> <p>AS 4 Luister met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste en toon begrip:</p> <p>4.1 luister vir die onderwerp of hoofidee;</p> <p>4.2 luister vir besonderhede</p> <p>4.3 voorspel wat gaan gebeur</p> <p>4.4 vertel 'n reeks gebeure of idees oor in 'n teks</p> <p>4.5 beantwoord vrae oor 'n mondelinge teks</p> <p>4.6 druk gevoelens oor teks uit en gee redes daarvoor</p> <p>4.7 bepaal oorsaak en gevolg in 'n mondelinge teks</p> <p>4.8 teken prente om begrip van 'n</p>	<p>Samuel :”My naam is Samuel. Mag ek ‘n paar vrae vra oor u geloof.”</p> <p>Jenny:”My naam is Jenny. Ek sal graag u vrae beantwoord.”</p> <p>Sameul:” Wat is die naam van jou geloof?”</p> <p>Jenny:’Ons word Christene genoem en ons lees die Bybel en leef volgens die 10 gebooie.”</p> <p>Samuel:” Is daar enige versierings wat in jul geloof gebruik word?”</p> <p>Jenny:” Ja. Jesus het aan die kruis vir ons sondes gesterf en daarom is die kruis vir ons belangrik.”</p> <p>Samuel:” Is daar enige klere waaraan ek u geloof se menses al uitken?”</p>	<p>Naslaanboeke</p> <p>Inligtingstukke</p> <p>Woordeboeke</p> <p>Koerante</p> <p>Leesboeke</p> <p>Klankkaarte</p> <p>Leeskaarte</p> <p>Flitskaarte</p>
--	--	--

<p>mondelinge teks te illustreer en skryf dit in eie woorde</p> <p>AS 5 Luister na, geniet en reageer gepas op raaisels en grappies</p> <p>AS 6 Luister na 'n spreker wat hy/sy nie kan sien nie (soos oor die radio, interkom) en reageer op vrae en instruksies</p> <p><b>LU 2 PRAAT</b></p> <p>AS 1 Gesels oor persoonlike ervarings en algemener nuusgebeure en druk gevoelens en menings daaroor uit</p> <p>AS 5 Neem deel aan klas- en groeppesprekings:</p> <p>5.1 inisieer onderwerpe tydens groeppesprekings</p> <p>5.2 neem beurt en stel relevante vrae</p> <p>5.3 stel idees voor en brei daarop uit</p> <p>5.4 toon sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens</p> <p>5.5 maak opsomming van groep se werk</p>	<p>Jenny:” Ons dra nie spesifieke klere nie.”</p> <p>Samuel:” Is daar een spesiale dag in die week vir ‘n Christen?”</p> <p>Jenny:” Ons gaan op ‘n Sondag kerk toe om na die boodskap te luister van ons predikant.”</p> <p>Samuel:” Watter spesifieke dae word deur u geloof gevier?”</p> <p>Jenny:” Ons vier Goeie Vrydag, Paasfees, Hemelvaartdag en Kersfees. Gedurende Kersfees kry ons geskenke en families kom bymekaar vir ‘n feesmaal. Dit is om ons te herinner aan Jesus se geboorte.”</p> <p>Samuel:” Is daar enige spesifieke kos wat julle mag eet?”</p> <p>Jenny:” Ons volg nie ‘n spesiale diet nie, maar gedurende Paasfees eet ons paasbolletjies en paaseiers om ons te</p>	
--	--	--



<p>5.6 stel vrae om duidelikheid en inligting te verkry</p> <p>5.7 beantwoord vrae en gee redes vir antwoorde</p> <p>5.8 gee opbouende terugvoering aan ander</p> <p>AS 8 Raak betrokke by gesprekvoering as 'n sosiale vaardigheid</p> <p><b>LU 3 LEES EN KYK</b></p> <p>AS 2 Skep betekenis uit geskrewe teks</p> <p>2.1 lewer kommentaar op 'n storie of gedig wat hy/sy gelees het en toon begrip</p> <p>deur die volgende vrae te antwoord</p> <p>2.1.1 hoofidee</p> <p>2.1.2 kernbesonderhede soos hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond, kultuurwaardes</p> <p>2.1.3 die verband tussen oorsaak en gevolg</p>	<p>herinner dat Jesus aan die kruis gesterf het.”</p> <p>Samuel:” Baie dankie, Jenny. Ek weet nou baie meer van julle geloof.”</p> <p>Jenny:” Dit was aangenaam om met jou te gesels, Samuel.”</p> <p>Dieselfde word gedoen met ander gelowe.</p> <p>Leerders kan nou tabelle saamstel om die verskillende gelowe te vergelyk m.b.t.Dieët, klere en versierings.</p> <table border="1" data-bbox="698 638 1482 1316"> <thead> <tr> <th></th> <th>Dieët</th> <th>Klere</th> <th>Versiering</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Christen</td> <td>paaseiers</td> <td>Nie spesifieke klere</td> <td>Kruis</td> </tr> <tr> <td>Moslem</td> <td>Halaal kos Geen vark</td> <td>Mans dra fes. Vroue bedek gesigte.</td> <td>Geometriese patrone. Maan en ster</td> </tr> <tr> <td>Jode</td> <td>Kosher kos.</td> <td>Mans dra yarmelka op hul koppe en mantel om skouers.</td> <td>Menora(Kandelaar met 8 kerse) en ster van Dawid</td> </tr> </tbody> </table>		Dieët	Klere	Versiering	Christen	paaseiers	Nie spesifieke klere	Kruis	Moslem	Halaal kos Geen vark	Mans dra fes. Vroue bedek gesigte.	Geometriese patrone. Maan en ster	Jode	Kosher kos.	Mans dra yarmelka op hul koppe en mantel om skouers.	Menora(Kandelaar met 8 kerse) en ster van Dawid	
	Dieët	Klere	Versiering															
Christen	paaseiers	Nie spesifieke klere	Kruis															
Moslem	Halaal kos Geen vark	Mans dra fes. Vroue bedek gesigte.	Geometriese patrone. Maan en ster															
Jode	Kosher kos.	Mans dra yarmelka op hul koppe en mantel om skouers.	Menora(Kandelaar met 8 kerse) en ster van Dawid															

<p>2.1.4 gevolgtrekkings</p> <p>2.1.5 het hy/sy van die storie gehou? Waarom of waarom nie?</p> <p>2.2 lees instruksies wat met hul ware belangstellings en behoeftes verband hou</p> <p>2.3 lees 'n wye verskeidenheid redelik komplekse tekste soos fiksie-en nie-fiksie boeke, inhoudsopgawes en indekse</p> <p>AS 3 Lees tekste op hul eie en gebruik 'n verskeidenheid strategieë om betekenis te skep</p> <p>3.1 lees 'n geskrewe teks vlot en met begrip</p> <p>3.1.1 spreek woorde akkuraat uit tydens luidlees</p> <p>3.1.2 lees ekspressief met gepaste klem, pouse en intonasie tydens luidlees</p> <p>3.1.3 gebruik woorderkennings- en begripsvaardighede om onbekende tekste te lees, soos klanke, kontekstuele leidrade, voorspelling,</p>	<p>Hindoe</p>	<p>Vegetariese diet met geen eiers of vis nie</p>	<p>Vroue dra 'n Sari en 'n Tilaka(rooi kol) op voorkop.</p>	<p>Om - teken</p>	<p>Lees ook stories aan leerders voor bv.</p> <p><b>Heilige dae en vakansiedae</b></p> <p>“ Waar was jy gister, Herschelle? Ek het vir jou by die hek gewag tot die klok gelui het. Hoekom was jy nie by die skool nie?” Jon is sommer kwaad.</p> <p>“Gister was 'n vakansiedag,” sê Herschelle.</p> <p>“Nee, dit was nie. Almal was in die klas, behalwe jy,” sê Jon.</p> <p>“Nee, regtig! Dit was Rosh Hashannah,” antwoord Herschelle.</p> <p>“Jy hou vakansie en ons ander moet in die warm klas sit? Wat is Roshanna nogal?”</p> <p>“Rosh Hashannah. Dit is die Joodse Nuwejaar. Dit beteken die geboorte van die wêreld. Op daardie dag sê alle Jode</p>
---	---------------	---	---	-------------------	--

<p>3.1.4 gebruik 'n verskeidenheid metodes om lees outomaties te monitor en te verbeter, soos herlees, lees verder, pousering, oefen die woorde voor hy/sy dit hardop se</p> <p>AS 5 Lees vir inligting en genot</p> <p>5.1 kies boeke ,fiksie en nie-fiksie en se waarvan hy/sy hou en nie hou nie</p> <p>5.3 lees verskillende soorte tekste soos strokiesverhale, tydskrifte, koerante</p> <p>5.4 ontwikkel woordeskat deur 'n woordeboek te gebruik en 'n persoonlike woordeboek saam te stel</p> <p>5.7 identifiseer en vind inligtingsbronne soos lede van die gemeenskap, biblioteekboeke</p> <p><b>LU 4 SKRYF</b></p> <p>AS 1 Gebruik pre-strategie om 'n skryfstuk te begin skryf</p> <p>1.1 gebruik pre-strategie om inligting te versamel en 'n onderwerp te kies (hou dinkskrum, vrye skryf, gesels met maat)</p>	<p>die goeie dinge wat hulle in die nuwe jaar gaan doen. Ons ruil geskenke uit en eet die lekkerste soetgoed.”</p> <p>“Het jy vir my ook gebring?” vra Jon 'n bietjie vriendeliker.</p> <p>“Ja, ek het,” lag Herschelle en gee vir Jon 'n spesiale pakkie beskuitjies en lekkers. “Het julle dan nie heilige dae nie?” vra hy vir Jon.</p> <p>“Natuurlik het ons,” antwoord Jon. “Goeie Vrydag is die dag wat ons onthou dat Jesus aan die kruis gesterf het. Dan is daar ook Hemelvaart en Kersfees.”</p> <p>“Kersfees is 'n spesiale dag vir Christene, nie waar nie?” sê Ashaya, wat nou ook by die ander kom sit het.</p> <p>“Ja, dit is wanneer ons die geboorte van Christus vier. Ons gee ook presente. My ma sê dit is omdat Chrisrus ons geleer het om lief te hê en nie te haat nie.”</p> <p>“Dit is presies waarom Yom Kippur gaan,” sê Herschelle.</p> <p>“Dit is die dag waarop ons vrede maak met almal. Dit is die belangrikste dag in die lewe van die Jode.”</p>	
---	---	--

<p>1.2 begin om skryfstukke te beplan</p> <p>AS 2 Skryf konsepweergawe van skryfstuk vir verskillende doeleindes</p> <p>2.2 skryf 'n reeks kort tekste vir verskillende doeleindes (soos stories bestaande uit een of twee paragrawe, eenvoudige boekresensies, resepte, briewe, dialoe, aanwysings)</p> <p>2.3 skryf, waar gepas, 'n titel wat die inhoud weerspieel</p> <p>AS 3 Hersien skryfstukke:</p> <p>3.1 bespreek eie en ander se skryfstukke om terugvoering te gee en te ontvang</p> <p>AS 4 "Publiseer" skryfstukke</p> <p>4.1 deel werk met ander deur dit hardop te lees en/of in die klas uit te stal</p> <p>4.2 deel skryfwerk met die bedoelde teikengroep, soos die gesin of maats(briewe, boodskappe, aanwysings)</p> <p>4.3 maak eie boeke of bloemlesings</p> <p>AS 5 Bou woordeskat op en spel self woorde</p>	<p>"Wanneer dit Ramadan is vas die grootmense vir dertig dae. Hulle eet of drink niks vanaf sonop tot sononder nie, maar bid vir die wat arm en honger is. Ons dank dan vir Allah vir alles wat ons het en gee geld vir die wat swaarkry," sê Ashaya.</p> <p>"So julle het dertig dae vakansie wat ons nie het nie?" vra Jon verstom.</p> <p>"Nee, man! Ons gaan skool toe en ons ouers gaan werk. Dis net dat Moslems regoor die wêreld vir so 'n lang tyd vas. Ramadan is baie belangrik vir ons," sê Ashaya.</p> <p>"Aarde! Al hierdie heilige vakansiedae laat my kop draai! Ek is net bly ek hoef nie te vas nie," sê Jon en vat 'n hap aan een van die soet beskuitjies.</p> <p>Vra vrae aan leerders om vas te stel of hulle begrip toon en laat hulle in volsinne antwoord.</p> <p>Deel leerders in groepe en laat elke groep vir hulle 'n godsdienst kies waarvoor hulle sinne gaan skryf. Leerders gee terugvoering aan klas.</p>	
--	---	--

<p>5.2 eksperimenteer met en gebruik woorde uit stories, leesstukke, die media, grappe en klasmaats en ander se mondelinge taal</p>	<p>Gee leerders gepaste leesstukke in die vorm van verskillende tekste.</p>	
<p>5.5 gebruik kennis van klanke en spelreels om onbekende woorde te skryf</p>	<p>Lees sigwoorde so vinnig as wat hulle kan. Gee speltoetse om leerders se kennis te toets van klankwoorde.</p>	
<p>AS 6 Gebruik gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies</p>		
<p>6.1 begin om sinne in paragrawe te groepeer</p>	<p>Laat leerders sinne skryf met spelwoorde of woorde uit leesles om puntuasie te beklemtoon</p>	
<p>6.2 gebruik puntuasie gepas (hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens)</p>		
<p>AS 7 Skryf leesbaar</p>		
<p>7.1 skryf maklik en met toenemende spoed a.g.v. gereelde oefening</p>		
<p>7.2 voltooi skryftaak binne 'n gegewe tyd</p>		
<p><b>LU 5 DINK EN REDENEER</b></p>		
<p>AS 2 Gebruik taal om te dink en redeneer</p>		
<p>2.1 verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos oorsaak en gevolg, die</p>		

<p>maak van gevolgtrekkings</p> <p>AS 3 Gebruik taal om te onderzoek</p> <p>3.4 gebruik eenvoudige strategie om inligting te verkry</p> <p>3.4.1 stel gepaste vrae</p> <p>3.4.2 voer onderhoude en maak opnames</p> <p>3.4.3 soek inligting in 'n biblioteek</p> <p>3.6 som inligting op en bide dit op 'n interessante manier aan</p> <p>AS 4 Verwerk inligting</p> <p>4.1 organiseer en teken inligting op verskillende maniere op</p> <p>4.1.1 kies inligting en maak aantekeninge</p> <p>4.1.3 konstrueer tabelle, diagramme en vloedigramme</p> <p><b>LU 6 TAALGEBRUIK EN – STRUKTUUR</b></p> <p>AS 1 Bring klanke in verband met letters</p>		
--	--	--

<p>en woorde</p> <p>1.1 gebruik klanke om moeiliker woorde te spel</p> <p>AS 2 Werk met woorde</p> <p>2.1 gebruik sommige spelreëls om korrek te spel</p> <p>2.2 gebruik skryftekens korrek (deelteken en kappie)</p> <p>AS 3 Werk met sinne</p> <p>3.2 gebruik woordorde korrek in korter en langer sinne</p> <p>3.8 gebruik skryfkonvensies korrek (hoofletters soos name van lande, komma, punt, vraagteken en uitroepteken)</p>		
<p><b>TERUGBLIK :</b> -----</p>		